JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 11

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1

JUNIE 2012

PUNTE: 70
TYD: 2 UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: LEESBEGRIP (30 PUNTE)

   AFDELING B: OPSOMMING (10 PUNTE)

   AFDELING C: TAAL (30 PUNTE)

2. Lees ALLE instruksies sorgvuldig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE AFDELING op ‘n NUWE bladsy.

5. Trek ‘n streep na elke afdeling.

6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.

7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Skryf met ‘n BLOU PEN.

10. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksies.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 1

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1

Lees die onderstaande tekste noukeurig deur en beantwoord die vrae:

Geniet gerus drie koppies koffie per dag

1. Die meeste mense geniet daagliks 'n koppie koffie vir die sensoriese genot daarvan. Jaarliks word 400 miljard koppies koffie gedrink. Saam met tee, sjokolade en tabak word dit as een van die lewe se luukshede beskou. Dit is nie verbasend dat koffie ná petroleum die wêreld se grootste kommoditeit is nie.
2. Koffie is aanvanklik gepromoveer vir die medisinale voordele wat dit inhou. Dit is beskou as die panansee van alle medisyne en kon 'n mens laat slaap óf stimuleer. Koffie was 'n wonderkuur wat die effek van alkohol kon omkeer en was bekend as "The Great Soberer".
3. Koffie is 'n baie komplekse stof, en 'n verskeidenheid van chemiese stowwe is verantwoordelik vir die kenmerkende aroma en smaak.
4. Een van die bestanddele, kafeïen, is 'n bekende stimulant van die sentrale senuweestelstel.
5. Oormatige inname van kafeïen lei tot angstigheid, bewing en slapeloosheid, terwyl langdurige blootstelling selfs toleransie en afhanklikheid kan veroorsaak.
6. Strawwe koffiedrinkers kan gewoonlik nie hul dag begin voordat hulle 'n sterk koppie koffie gedrink het nie.
7. Koffie verlig nie net die ontrekking van kafeïen gedurende die nag nie, maar ook die hoofpyn wat daarmee gepaard gaan, aangesien kafeïen bloedvate in die brein vernou.
8. 'n Koppie koffie bevat ongeveer 115 mg kafeïen. Alhoewel tee meer kafeïen per gewig bevat, is slegs 60 mg kafeïen per koppie tee aanwesig omdat minder nodig is om dit berei.
9. Drie koppies koffie per dag behoort geen nadelige effkte in gesonde persone te veroorsaak nie. 'n Uitsondering is die laaste trimester van swangerskap, wanneer kafeïen drie keer stadiger gemetaboliseer word.
10. Daar word beweer dat die Franse skrywer Honoré de Balzac (1799 – 1850) weens oormatige koffie-inname gesterf het. Tydens sy legendariese skryf-maratons het hy glo meer as 50 koppies koffie per dag gedrink.
11. Die ritueel met die maak van 'n espresso kan vergelyk word met die oopmaak van 'n ou bottel rooiwyn met 'n duur etiket. Alhoewel geen reële waarde daaraan gekoppel kan word nie, is die bydrae wat dit tot lewensgehalte lewer, onmeetbaar.

[Aangepas en verwerk uit: Die Burger, 25 Oktober 2008]

Vrae:

1.1. Haal 'n frase uit paragraaf 1 aan wat aandui dat die skrywer deeglik bewus is waarom koffie so gewild is. (2)

1.2. Watter siening handhaaf die wêreld (volgens paragraaf 1) oor koffie? (1)

1.3. Waarom het koffie destyds so 'n opgang gemaak? Antwoord in 'n volsin in jou eie woorde. (1)

1.4. "'n wonderkuur wat die effek van alkohol kon omkeer" (paragraaf 2). Verklaar die aanhaling in 'n volsin in jou eie woorde. (1)

1.5. Wat maak van koffie 'n gewoontevormende drankie? (1)

1.6. Noem 'n langtermyn newe-effek van kafeïen. (1)

1.7. "die laaste trimester van swangerskap". Gee 'n woord wat dieselfde beteken as "trimester" in hierdie konteks? (1)

1.8. Wat is die inhoud van die teks? Skryf slegs die korrekte letter op jou antwoordstel neer.
a. Feitelik
b. Informatief
c. Manipulerend. (1)

1.9. Is dit 'n feit of mening dat die Franse skrywer Honoré de Balzax se dood as gevolg van te veel koffie was? Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD uit die teks aan te haal. (1)

[10]

Lees die onderstaande teks noukeurig deur en beantwoord die vrae:

Kompetisiekultuur op skool: Wen is nie alles nie

Vermy jy atletiekbyeenkomste of kultuuraktiwiteite by die skool omdat jy die een is wat nooit wen nie? Of "verloor" jy dit as jy nié met die goud wegstap nie? Dis oukei om deel te neem net omdat dit vir jou lekker is. JIP wys jou hoe.

Hoekom deelneem?
Die goue reël is: Want dit is lekker.
Die bonus? Jy kry al op skool 'n gebalanseerde leefstyl, pas makliker in by mense van jou ouderdom en ontmoet vriende.
Wen julle, is jy en jou *buddies* sáám bly. Verloor julle, help die teleurstelling julle om 'n sterkter span te vorm. Mededinging op skool leer jou hoe om sukses en mislukking te hanteer en help jou om vaardighede soos leierskap en konflikhantering te ontwikkel. As jy al op skool leer om druk te hanteer, sal dit jou in die toekoms help.

Doen dit so:
1. Maak seker waarom jy iets wil aanpak.
2. Stel realistiese doelwitte vir jouself en beloon jouself as jy dit haal.
3. Moenie sukses definieer in terme van wen en verloor nie.
4. Wen beteken soms om binne jou vermoë klaar te maak deur jou beste te gee.
5. Geniet dit as jy wen, maar probeer verstaan waarom jy verloor het.
6. Om te verloor, help jou om te verbeter. Hoekom? Want dit laat jou dink oor wat jy volgende keer beter kan doen.
7. Moenie obsessief op een aktiwiteit fokus omdat jy dink dit kan dalk 'n loopbaan word nie. Wees oopkop oor alles.

Deelname tel. Ons het by twee HIP2B2-ambassadeurs wenke oor gesonde mededinging gekry.

Gemma-May Grotepas, 'n gr. 11-leerder aan die Pretoria Girls High School, is die onderleier van die skool se debatspan, speel klavier én is gek oor gholf. Sy sê:
1. Deelname leer jou waarvan jy hou. Dit kan jou studierigting beïnvloed.
2. Jy leer nuwe goed. Debat het my algemene kennis verbeter.
3. As jy glo jy is onbelangrik sónder die medalje, gaan jy onbelangrik voel as jy die medalje het ook.
4. Motiveer jouself. Ek probeer net fokus op my eie prestasie. Dit help nie ek vergelyk my punte met almal s'n nie.

5. Onthou balans. Ek het verlede jaar siek geword omdat ek té veel probeer doen het, nou het ek afgeskaal en fokus ek op wat die belangrikste is.

Jan-Cor Wolfaardt is in gr. 12 aan die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch. Hy dien op die leerderraad, speel hokkie en is 'n koshuisleier. Hy sê: "As jy nie by my skool deelneem aan iets nie, is dit net jy wat uitmis." Daar is tot 'n sesde en sewende span in sekere sportsoorte en die ouens geniet dit net soveel soos die eerste span om te toer en wedstryde vir die skool te speel.

"As jy nie deelneem nie en op jou eie eiland bly, leer jy niks by niemand nie en gee jy ook niks van jouself nie. 'n Oorwinning is altyd fantasties, maar ongelukkig kan 'n mens nie altyd wen nie. Dan tel goed soos spanmaats, 'n *cool* afrigter en jou vriende (die toeskouers) se ondersteuning. 'n Humorsin is die beste medisyne vir verloor. Niemand sal my oortuig hulle gee glad nie om vir verloor nie. Wanneer Paul Roos teen Grey College wen, is dit mal! Wanneer ons teen hulle verloor, is dit nag! Maar dit motiveer ons om volgende keer beter te doen."

Die kenners
Die wenke in dié artikel is saamgestel met behulp van dr. Elzette du Plessis, 'n opvoedkundige sielkundige wat navorsing gedoen het oor watter impak dit op leerders het as hul skool net op wen fokus, en Johan van Lill, die amptelike opvoedkundige konsultant vir HIP2B2.

Deur: Riëtte Grobler / Maandag 30 Januarie 2012 10:41 Verkort uit JIP 30 Januarie 2012

Vrae:

1.10. Watter voorspelling ten opsigte van die inhoud van die teks kan jy hieruit maak? (1)

1.11. Deelname aan buitemuurse aktiwiteite word nogal aangemoedig. Noem **drie** redes om die stelling te motiveer. Begin elke rede op 'n nuwe reël. (3)

1.12. Watter voordeel hou dit vir 'n mens in om te verloor? (1)

1.13. Hoe word sukses gedefineer? (1)

1.14. Lees weer Gemma-May Grotepas se onderhoud. Dink sy 'n wen-situasie is noodsaaklik om jou selfbeeld te bevorder? Motiveer jou standpunt met 'n aanhaling uit die teks. (2)

1.15. Lees Jan-Cor Wolfaardt se onderhoud. Wat is volgens hom die beste teenvoeter vir 'n verloor wedstryd? (1)

1.16. Hoe voel jy oor verloor? Motiveer jou standpunt deeglik. (1)

[10]

Bestudeer die onderstaande spotprent uit By (Bylae by *Die Burger*) van 22 Maart 2008 en die uittreksel, "Onderwys", wat in dieselfde uitgawe verskyn het. Beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Voortuigang?

Onderwys

ONDERWYSVAKBONDE het voorsien dat meer as 100 onderwysers in die Wes-Kaap die beroep vaarwel sou toeroep toe die skole eergister vir die Paasvakansie gesluit het. Mnr. Jonovan Rustin, provinsiale sekretaris van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie, het gesê skole kan aan die begin van die nuwe kwartaal 'n tekort aan onderwysers hê. "Hulle is ontnugter met hul werksomstandighede wat nie verbeter nie en beloftes oor beroepspesifieke salarisaanpassings wat nie intree nie."

1.17. Hoe het die magsverhouding tussen opvoeders en leerders verander tussen 1980 en 2008 volgens die prent? (2)

1.18. Watter verskil is daar in hoe die leerders in 1980 en 2008 uitgebeeld word? Verwys spesifiek na die gesigsuitdrukking en liggaamshouding. (2)

1.19. Wat is die verskil in die "wettigheid" van die geweld van die twee jare wat uitgebeeld word? (2)

1.20. Haal een woord uit die stuk "Onderwys" aan wat by die boodskap van die spotprent aansluit. Verduidelik hoekom jy so sê. (2)

1.21. Dink jy die spotprenttekenaar wil sê dat hy dink opvoeders moet leerders weer slaan? Antwoord deur te verwys na die onderskrif "Vooruitgang??..." en die manier hoe die geweld uitgebeeld word. (2)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

Vraag 2

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en som die sewe situasies wat mense frusteer op in 80 – 90 woorde.

Let wel:

1. Die opsomming moet in EEN paragraaf aangebied word.
2. Skryf volsinne en let op na jou taalgebruik en spelling.
3. Dui die aantal woorde wat jy geskryf het, aan.

SOSIALE WAARDES

Word ons maniere eintlik diere-maniere?
Word ons al selfsugtiger?

As die gesprek oor onbeskoftheid gaan, dink mens graag aan "ander mense". Was die "ander" vingerwysende motorfietsryer, supermark-terroris, rommelstrooier, parkeerpleksteler of lawaaimaker nie al 'n slag jy, 'n vriend of familielid nie?
Voorbeelde van boelies en hul buffelagtige gedrag is ontelbaar. Hulle optrede kan enige geduldige, gemanierde persoon se siel laat uitrafel en vlakke van frustrasie die hoogte laat inskiet.
In die teater kan niks so steurend wees as die mense wat kou, kraak of slurp nie. Van pure irritasie kan jy nie konsentreer op die gebeure of dialoog op die groot skerm nie. Jou fokus word ook afgelei deur die tiener wat teen die voorste sitplekke stamp of deur die onvermydelike selfoon wat lui. Later begin jy sien hoe jy alle beheer verloor en onder hulle invaar.
Teen vieruur die middag kom die eerste onheilspellende doef, doef, doef van die huis langsaan. Dit raak al hoe erger totdat jy die stadium bereik waar dit begin voel of jy tandpyn het. Dis geraasbesoedeling op sy ergste. Om oor te stap en vriendelik te versoek dat die musiek sagter gestel word, is dwaas. Jy sal gou as onmenslik uitgejou word, want dit is dan Gert se verjaarsdag of die einde van die eksamen...
Saterdae in die supermark is deesdae 'n slagveld. Ma's wat hul kroos op 'n uitstappie neem, aankondigings van winskopies en die malende, stampende massa veroorsaak vinnig frustrasie. Die stadige lopers vervies hulle vir die vinniges wat verby druk en die haastiges verwens die stadiges wat so op eiers loop.
Mense wat in "rooklose" plekke en hysbakke rook is selfsugtig. Durf jy hulle wys op die ROOK VERBODE-teken, het jy nog 'n geswore vyand gemaak. Dis hulle keuse om te rook, maar dis ek en jy wat ongelukkig dan nie kan kies om nie passiewe rokers te wees nie.
Die winkelassistent of kelner wat deur jou staar asof jy nie bestaan nie, is 'n probleem. Sommiges volg jou soos 'n skaduwee deur die winkel of is tydig en ontydig by jou tafel – die fooitjie is tog op die spel. Dring jy egter aan op goeie diens is jy dikwels in die pekel.
Mense wat hul honde saamneem strand toe is goeie akteurs. Hulle maak asof hulle nie bewus is van wat hulle honde agterlaat nie. Sulke onbedagsame mense het ons nie nodig nie.
Oor padgebruik en hul padmaniere kan boekdele geskryf word. Ry jy in 'n skedonk, mor jy oor die manne met hulle duur Duitse motors wat ry asof die pad aan hulle behoort. Is jy haastig, swets jy oor die padgebruikers wat gaan veroorsaak dat jy laat kom. Is jy ontspanne, vererg jy jou gruwelik vir die jaagduiwels. Moenie eers praat van die taxi's wat voor jou inry en nie stop nie.
Waarom is ons deesdae so onbedagsaam en ongelukkig? Is dit die stadsgejaag waar allles vandag moet klaar kom of is dit dat een beskoftheid na 'n ander lei?

Hoe gemanierd en aanpasbaar is jy?

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

Vraag 3

Lees die volgende tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Vlermuise laat slimmes kopkrap

1. Wetenskaplikes krap kop oor die oorsaak van die byna 1 000 Angolese losstert–vlermuise (*Mops condylurus*) wat onlangs in die Letaba-ruskamp in die Krugerwildtuin gevrek het.
2. Prof. Bob Swanepoel, 'n kenner van virusse, het Dinsdag gesê wetenskaplikes is hard op soek na die oorsaak van die 'buitengewone gebeurtenis' toe sowat 1 000 vlermuise 'n week gelede dood is.
3. Volgens hom het hy heel eerste na die moontlikheid gekyk of hulle nie dalk vergiftig is of weens die besondere koue omgekom het nie.
4. Onstelde lesers het *Beeld* gebel en vertel van die gru-vonds waarop hulle in die ruskamp afgekom het.
5. Mnr. Bertie Stavast van Pretoria het gesê: 'Ek was baie geskok en sal graag wil weet wat die vrekte veroorsaak het.'
6. Amptenare het oral in die ruskamp karkasse opgetel. Meer as 500 is in die linnekamer gekry.
7. Swanepoel en sy span se hulp is later ingeroep. Hulle het op skelette afgekom wat in die werkers se huise gehang het.
8. Dit lyk nie na 'n bekende virus wat die vlermuise aangeval het nie.
9. Waarvan Swanepoel wel byna seker is, is dat die virus wat die vlermuise aangeval het, nie skadelik vir mense of ander spesies is nie. 'Ons hou egter die situasie dop,' het hy gesê.

[Verwerk uit: *Beeld*, 2 Augustus 2007]

3.1. Gee EEN woord vir "'n kenner van virusse" (paragraaf 2). (1)

3.2. Tot watter woordsoort behoort "oorsaak" (paragraaf 2)? (1)

3.3. Skryf die stam van "vergiftig" (paragraaf 3) neer. (1)

3.4. Maak 'n sin met die homofoon van "vonds" (paragraaf 4). (2)

3.5. Skryf die woord wat in paragraaf 4 foutief gespel is, korrek neer. (1)

3.6. Skryf mnr. Bertie Stavast se woorde in paragraaf 5 in die indirekte rede.
Begin met: Mnr. Bertie Stavast ... (2)

3.7. Skryf die trappe van vergelyking vir "graag" (paragraaf 5) neer. (2)

3.8. Skryf die eerste sin in paragraaf 6 oor in die lydende vorm. (2)

3.9. Vorm 'n veelvoudige sin deur die twee sinne van paragraaf 6 saam te voeg. (1)

3.10. Gee 'n sinoniem vir "skelette" in paragraaf 7. (1)

3.11. Brei die sin in paragraaf 8 uit deur 'n bywoordelike bepaling. Skryf die sin neer en onderstreep die bywoordelike bepaling wat jy bygevoeg het. (2)
[16]

Jy word yskoud. Jou hart klop in jou keel. Jy hou asem op.

1. Dis groot pret op 'n tuimeltrein, maar beslis nie waar dit jou versekering aangaan nie.
2. Dit is waarom jy Mutual & Federal nodig het – die versekeraar met 'n reputasie vir eerlike eisbetaling in 'n kits.
3. Wanneer jy dus jou motor- en huishoudelike versekering reël, kies 'n gehaltepolis van Mutual & Federal en ervaar ons puik diens sodat jy **die Lewe kan geniet.**

3.12. Gebruik die homoniem van "hart" (opskrif) figuurlik in jou eie sin sodat die betekenis duidelik is. (2)

3.13. Kies uit die volgende moontlikhede van woordeskatuitbreiding watter een werksaam was by die vorming van die woord "tuimeltrein" (par. 1). Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

a. Kontaminasie
b. Toutologie
c. Analogie
d. Klinkerwisseling (1)

3.14. Gee die intensiewe vorm vir "nodig" in par. 2. (1)

3.15. Gee die korrekte meervoud van "motor" in die volgende sin:
Al die (motor) van die vliegtuig is in 'n werkende toestand. (1)

3.16. Verander die werkwoord "ervaar" (par. 3) in 'n selfstandige naamwoord en gebruik die woord in jou eie sin sodat die betekenis duidelik is.(1)

3.17. Waarom word "Lewe" (par. 3) met 'n hoofletter geskryf? (1)
[7]

Verseker vir seker

Absa Makelaars en die ATKV loop al 'n lang pad saam.

Daarom is die ATKV-lede geregtig op Absa Makelaars se *allerbeste* diens en produkte.

Vanjaar behels dit 'n dubbeldoor-aanbod:

Prima premies vir korttermynversekering waarmee ATKV-lede hul huishoudelike besittings, voertuie en ander waardevolle artikels teen verlies en skade kan verskans.

Finansiële voorsorg wat ATKV-lede gemoedsrus vir die jare vorentoe gee.

Benut ons voorkeurgeriewe vir ATKV-lede.

3.18. Gebruik "vir seker" (in die kop van die advertensie) in jou eie sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

3.19. Waarvoor staan die afkorting ATKV? (1)

3.20. Gee 'n antoniem vir "waardevolle". (1)

3.21. Gee die verkleining van "besittings". (1)

3.22	**Die HAT verwys:** ver-skans' ww. (-) 1 Wegsteek agter skanse; skuil agter; versterk met skanse: *Die vyand se leër is goed verskans. 'n Stelling, stad verskans.* Ook fig.: *Verskanste artikels van 'n grondwet,* wat alleen deurspesiale maatreëls, bv. met 'n tweederdemeerderheid van die Parlement, gewysig kan word. 2 (*fig.)* Beskerming soek: *Hy verskans hom agter sy leuens. Jou agter jou lessenaar verskans.* [Uit: *HAT*, 2005]

3.22.1. Watter woordeboekbetekenis van "verskans" in is in die advertensie van toepassing? (1)

3.22.2. Skryf die lettergreep neer wat by die uitspraak van die woord "verskans" beklemtoon word. (1)

3.22.3. Wat is die woordsoortlike funksie van die premorfeem "ver" in "verskans". (1)

[7]

TOTAAL: AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70